



Volwasse Menswees
GESONDE INDIVIDU, GESONDE GESIN, GESONDE SAMELEWING

REIS IN MENSWEES - ENKELE INLEIDENDE OPMERKINGS

Elke mens het die voorreg en verpligting om die lewensreis te doen. Niemand kan dit ontsnap nie. Ongelukkig is meeste mense onkundig hieroor, swak toegerus en leef outomaties. Min mense verstaan die doel van Menswees, die verskillende fases van die reisplan, hoe om elke fase te herken en die nodige oorgang te maak, wat om te verwag in elke fase, hoe om die winste en verliese van die lewe te integreer as toerusting vir die verdere reispad en hoe om die vaardighede vir elke fase van die reis te bekom. Daarom is daar selde 'n doelbewuste en kundige oordrag van hierdie lewenskennis en vaardighede aan die volgende geslagte.

Jy word die mens wat God jou geskep het om te wees alleenlik as jy die nodige ontdekkings maak en innerlike groei ondergaan op jou pelgrimstog. En dit gebeur nie outomaties nie.

Voordat jy gebore is het God jou apart gesit/afgesonder om 'n bepaalde Goddelike boodskap op hierdie aarde te bring, om die goeie werke te doen en daarin te wandel waarvoor jy voorberei is van voor die grondlegging van die wêreld af. "Wandel" in die Nuwe Testament beteken: om in ooreenstemming te bring met, om in een lyn te kom met, om in pas te marsjeer. Slegs jý kan outentieke uitdrukking aan hierdie boodskap gee.

Die besef en aanvaarding dat jy afgesonder en bestem is vir 'n Goddelike doel tydens jou lewensreis vorm jou selfbeeld positief en bring vryheid, dapperheid en nuwe entoesiasme vir die lewe.

Jý, jou Self, is daarom die grootste geskenk wat God aan jou gee, behalwe die lewesasem self. Jy moet Jý wees en toenemend word wie Jý is. Niemand anders kan dit vir jou, namens jou of ten behoewe van jou wees en word nie.

Wie jy ten diepste is in jou unieke geskiedenis, hoe jy tans is, alles wat tot dusver in jou lewe met jou gebeur het, die verhoudings waarin jy was en tans is, die omgewings waarin jou vorming tot dusver plaasgevind het, die situasies en omstandighede waarin jy jou tans bevind.....letterlik alles is die klei in die Hande van die Hemelse Pottebakker om 'n voorwerp van eer te vorm.

Beide die negatiewe en positiewe dele van die lewe is nodig vir jou om jou Menswees doel te kan bereik, nl. die uitlewing van 'n spesifieke Goddelike boodskap. Hierdie boodskap het twee dele:

- Die belangrike algemene boodskap van Menswees wat elke ander mens ook het.
- Jou spesifieke lewensboodskap soos dit dinamies in die storie van jou lewe ontwikkel.

Jy kan hierdie boodskap alleen uitleef as jy leef by j^ou naam. En dit kan J^y alleen doen. Niemand anders kan dit doen nie. En jy kan ook nie by iemand anders se naam leef nie. Jy is jou eie mens. Dis genoeg. Dis goed genoeg. As hierdie besef tot jou deurdring bring dit gewoonlik 'n gevoel van alleenheid mee. Hierdie soort alleenheid is 'n voorwaarde vir die uitlewing van wie jy is binne jou unieke lewensomstandighede.

As jy dié alleenheid, asook die negatiewe pool van jou lewe wegstoot, vermy, ontken, ignoreer en probeer ontsnap of jou moedeloos en hulpeloos oorgee daaraan, verbeur jy 'n geweldige geleentheid vir die groei van jou Menswees want dis 'n noodsaaklike en onmisbare deel wat nodig is vir jou transformasie en die ontwikkeling van jou spesifieke lewensboodskap.

Jou lewensreis het twee helftes.

Die eerste helfte het te doen met 'n grootliks onvermybare wegbeweeg van jou Self en en is ekstern gefokus op die skep van 'n toepaslike "houer" (container) vir jou Self om tot uiting in te kom. Jy ontwikkel egter maar net meestal 'n "gemaakte" ego-self, eintlik 'n klein valse selfie wat meer te doen het met jou publieke beeld, 'n stel indrukke waardeur jy poog om 'n tipe identiteit te skep wat jou diepe mensweesbehoefte van verbondenheid, waardevolheid en geslaagdheid sal vervul.

Die tweede helfte het te doen met 'n omdraai en terugreis na jou werklike en groter substansieële Self – dis 'n ontdekkingstog van wie presies hierdie Self is wat leef in die "houer" wat jy gevorm het. Dis by hierdie ware en groter skepping-Self wie jy moet leef in plaas daarvan om die oppervlakkige lewe van jou ego-self te leef en gelukkig te probeer hou. Dié proses het te doen met 'n ontkoppeling (detachment) van vorige "identiteite" en 'n toenemende een-wording met jou skepping-Self. Dis ook in hierdie proses wat groter een-wording met God plaasvind en jy uit Godgegewe Christus-identiteit begin leef.

Omdat jou ware Self die kern van jou Menswees is, is dit nodig dat jy meer van hierdie Self moet weet en toenemend bewustelik betrokke moet wees by jou Self se ontwaking en meer-wording om alles moontlik te wees wie God deur jou wil wees. Dis jou Goddelike lewens-opgaaf en skeppingsdoel: wéés ten volle die Jy wie Jy geskape is om te wees! Lééf, o mens van God!